

Hospitalisasie minder traumaties met BabaGim®

Jo-Marie vdM Bothma

“Moenie bid vir take wat klein genoeg is vir jou kragte nie; bid vir krag wat groot genoeg is vir jou taak.” Anoniem

Net toe ek gedink het dat my 17 maande oue seuntjie, Merwe, nou te “groot” is om nog te kan baatvind by BabaGim, word ons weer gekonfronteer met ‘n uitdaging wat my nie net na my asem laat snak oor hoe sterk sy siel en sy karakter is nie, maar ook hoe effektief BabaGim tegnieke tydens trauma en stressvolle tye ingespan kan word om ‘n lyfie te help ontspan.

Merwe het ons vroeg die oggend van 19 Februarie 2016 met ‘n konvulsie wakker gemaak. Ek het geweet dit is wat ek sien omdat hy gedurende die laaste 7 maande (by twee geleenthede) koorskonvulsies gekry het terwyl hy baie siek was met gom-ore. Hierdie keer was daar egter geen infeksie nie en daar was geen koors nie. Hy het ernstige asemnood ervaar en ons het hom binne minute by die naaste mediese dokter gehad wat hom met suurstof gestabiliseer het. Hy is binne ‘n uur en ‘n half na sy konvulsie in ‘n privaat hospitaal opgeneem; 3 dae van intense toetse sou volg. Ek was in skok en het bang gestaan en toekyk hoe hy vasgedruk word (sodat bloed getrek kon word) binne minute nadat ons by ongevalle aangekom het. Hy was nog self deurmekaar na die konvulsie, maar die vrees in sy ogies en die paniek in sy huil het my daar en dan laat besef dat ons vinnig ‘n plan moet maak. Ek sou iets moes doen om hom rustig en kalm te kry.

Die oomblik toe ons opgeneem is in die pediatriese saal het ek vir myself ‘n daaglikse roetine uitgewerk waartydens ek hom 4x per dag ‘n rustige en ferm BabaGim massering sou gee. Ek sou veral fokus op sy kuit spiertyjies en teen die tweede dag het dit duidelik geword dat hy veral ontspan as ek sy arms, handjies en gesiggie masseer. Sy bloeddruk, saturasie-vlakke en koors is elke 4-ure gemeet. Alhoewel dit nie seer was nie, het hy vreesbevange gehuil toe dit die eerste keer gemeet is. Ek het daarna elke keer voor sy tellings geneem is, sy ore gevryf, die vagus senuwee onder sy linkersleutelbeen gevryf en sy kuite gemasseer. Die tweede keer was hy minder gespanne toe sy bloeddruk gemeet word en voor die einde van ons eerste dag in die hospitaal, het hy belangstellend sit en toekyk terwyl hulle dit doen. Ek het elke 4 ure die roetine herhaal en hy het nooit weer gehuil as die personeel dit meet nie. Regs: Merwe lê gemaklik in Mamma se arms terwyl hulle bloeddruk meet.



Hy moes gaan vir ‘n CT-skandering en daarvoor moes hulle ‘n drippie in sy hand plaas. My hart het in my keel geklop met die blote gedagte dat hulle hom weer sou moes vasdruk. Ek kon egter met die verpleegpersoneel reel dat ek hom eers rustig maak voordat hulle voortgaan. Ek het een van sy gunsteling liedjies gesing terwyl ons vir ‘n rukkie gedans het, toe het ek beide sy armpies en handjies masseer en hulle was sommer so lekker pap-ontspanne toe die susters hom kom haal. Ek mag nie saamgegaan het nie, maar ek het seker gemaak dat die suster een van sy trooslappies saamneem. Mamma se natuurlike reuk is ‘n emosionele anker in ‘n onsekere tyd en daarom het ek sy trooslappie binne my hemp gedra sodat dit my reuk kon aanneem. Sy het 10 minute later teruggekom en vertel dat sy al 9 jaar lank in pediatrie werk en nog nooit ‘n drippie vir ‘n kind van sy ouderdom ingesit het sonder dat hulle huil nie. Ons kleine dapper-asjas het ewe gesit en toekyk hoe sy die naald in sy hand druk en nie ‘n geluid gemaak nie.

Hy het sy trooslappie in sy ander hand vasgehou en was glad nie bang nie. Inteendeel, hy was heel gemoedelik en warm teenoor daardie betrokke suster vir die hele tyd wat ons in die hospitaal was.

Moet nie die ontspanne effek van bekende reuke onderskat nie. Ek het elke paar uur sy trooslappie geruil met 'n "nuwe" een wat ek binne my hemp gedra het. Ek het ook een van sy eie kombesies op sy kussing gegooi.

Oor die volgende paar dae het verskeie toetse gevolg. 'n EKG, nog bloedtoetse – en die mees traumatiese – 'n 16-ure lange EEG waartydens Merwe nie vir verder as 2m rondom sy bedjie kon beweeg nie. 'n Spul elektrodes is met gom aan sy koppie vasgeplak en hy is aan 'n rekenaar gekoppel. En al wat ons kon doen was masseer, liedjies sing, stories lees, borrels blaas, wieg op die maat van musiek en met 'n mandjie vol teksture speel. Ek het deur die saal gestap en lappies, plastiekdoppies, pypies, wattas, gaas, sakkies, rubberskyfies en plastiekspuite versamel en in 'n sak gegooi. Hy kon vir redelik lank daardeur snuffel en goed uithaal en terugsit. Dit was nie maklik nie, maar as hy histories uit frustrasie (omdat hy nie by die kamer kon uitstap nie) gehuil het, het die borrels-blaas hom altyd kalmeer en sou hy rustiger raak.

Die hospitalisasie was geensins sonder ongemak nie en daar is wel baie gehuil en my hart het gebreek om hom so ingeperk tussen 4 mure te sien, maar ek glo vas dat as dit nie vir die daaglikse en herhaaldelike BabaGim massering was nie, dat hierdie spanningsvolle tyd selfs nog meer traumaties sou wees.

